Speserye vir Geloof

# Oregano

## REINIGING & REDDING



# Oregano

## REINIGING & REDDING



In die gedeelte gaan ons na die twee mooiste verhale in beide die Ou en Nuwe Testament kyk.

In die Ou Testament toer ons terug die Pasgafees waar Moses die fees ingestel het toe hy die volk van Israel uit Egipte uit moet lei. Daar het hy die volk verduidelik presies hoe hulle "'n bossie marjolein neem en doop dit in die bloed (Eks 12:22)" en smeer dit aan die kosyne. Hierdie 'marjolein' is net die *fancy* naam vir Oregano.

Maar dan in ouer vertalings se dit "neem 'n bossie **hisop** en steek dit in die bloed (1953/83)". En die rede daarvoor is dat die 'hisop' wat ons vandag ken anderste is as die 'hisop' wat in daardie tyd bestaan het, 'n meer akkurate beskrywing is juis die Oregano. Die rede daarvoor is dat dit saam met die bitter kruie geidentifiseer word om juis die bitterheid van slawerny te beklemtoon. Maar meer as dit.. Die origanum wat gedoop was was 'n simbool vir reiniging en redding. Die bloed van die offer is gesmeer aan die kosyne sodat die eersgeborne seun nie sal dood gaan nie.

As ons gaan kyk na die Nuwe Testament  nadat Jesus die einste Pasgafees saam sy disspels gebruik het en nagmaal ingestel het is hy gekruisig in Lukas 22. By sy kruisiging is daar vir hom volgens Johannes 19: 29 "'n spons vol suur wyn op 'n marjoleintak en bring dit na sy mond." weereens kry ons die pragtige simboliek.

Maar ons gaan Hebreërs 9 gebruik om alles so mooi te verstaan en werklik die prag van reiniging en redding te verstaan.

# Persoonlike Stiltetyd
## BLY GEWORTEL

OGGEND:
Gebruik een van die stiltetyd metodes (bl. 4) om een van die week se Bybeltekste wat op die volgende bladsye verskyn te lees en skryf jou gedagtes neer.

Gebruik die teks van Johannes 19 en fokus in op jou sintuie terwyl jy deur die verhaal werk. Wat voel jy? Wat sien jy? Wat hoor jy? Wat proe jy? Skryf elke dag neer wat vir jou uitgestaan het.

| | |
|---|---|
| Ma | Di |
| Wo | Do |
| Vr | Sa |
| So | |



AAND:

Gebruik die riglyne op bl. 3 om na te dink oor jou dag en met die Here daaroor te praat:

- Wat beteken dit vir jou om rein te wees?
- Beskou jy jouself as rein?
- Wat beteken dit om gered te wees?
- Hoe leef jy jou reinheid en verlossing uit?

# Skriflesings

## EKSODUS 12:21-27


21 Moses het toe al die
oudstes van Israel geroep
en vir hulle gesê: "Vang en
neem self lammers vir julle
familiegroepe, en slag die
Pasgalam. 22 Neem 'n
bossie marjolein en doop
dit in die bloed wat in 'n
bak is. Vee van die bloed
wat in die bak is, aan die
bokant en aan die twee
sykante van die kosyne. En
wat julle betref – niemand
mag by die deur van sy
huis uitgaan tot die
volgende oggend nie. 23 Die
Here sal deur die land
gaan om die Egiptenare te
tref; en wanneer Hy die
bloed aan die bokant en
die twee sykante van die
kosyn sien, sal die Here by
die deur verbygaan en die
vernietiger nie toelaat om
julle huise binne te gaan
om julle te tref nie.
24 "Kom hierdie saak na
as 'n voorskrif wat vir
altyd geld, vir jou en jou
kinders. 25 Wanneer julle
in die land kom wat die
Here aan julle sal gee
soos Hy belowe het,
moet julle hierdie
gebruik nakom. 26
Wanneer julle kinders
julle vra, 'Wat beteken
hierdie gebruik vir julle?'
27 dan moet julle sê, 'Dit
is die Pasgaoffer vir die
Here, Hy wat by die
huise van die Israeliete
in Egipte verbygegaan
het toe Hy die
Egiptenare getref het.
Ons huise het Hy egter
gespaar.' "



# JOHANNES 19:28-30

## Jesus sterf

28Hierna het Jesus, omdat Hy geweet het dat alles
reeds volbring is, en sodat die Skrif vervul sou word,
gesê: "Ek is dors." 29 Daar het 'n kruik vol suur wyn
gestaan. Hulle sit toe 'n spons vol suur wyn op 'n
marjoleintak en bring dit na sy mond. 30Toe Jesus die
suur wyn geneem het, sê Hy: "Dit is volbring!" En Hy het
sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee.



# HEBREERS 9:11-15, 24-26

11 Christus egter het gekom as
Hoëpriester van die goeie
dinge wat nou verwesenlik is,
en Hy het deur 'n
uitnemender en meer
volmaakte •tabernakel
beweeg wat nie deur
mensehande gemaak is nie,
dit wil sê, wat nie van hierdie
skepping is nie. 12 Hy het ook
nie met die bloed van
bokramme en bulkalwers nie,
maar eens en vir altyd, met sy
eie bloed, die heiligdom
binnegegaan, en 'n ewige
verlossing bewerkstellig.
13 Want as die bloed van
bokramme en bulle, en die as
van 'n jong vers, die
verontreinigdes deur
besprinkeling wy, met die oog
op die reiniging van die
liggaam, 14 hoeveel te meer sal
die bloed van Christus, wat
Homself deur die ewige Gees
as vlekkelose offer aan God
geoffer het, ons gewete reinig
van dooie werke, sodat ons
die lewende God kan dien?

24 Want Christus het nie 'n
mensgemaakte heiligdom,
'n nabootsing van die ware
een, binnegegaan nie,
maar die hemel self, om
nou ter wille van ons voor
God te verskyn; 25 ook nie
sodat Hy Homself
herhaaldelik sou offer nie –
anders as die hoëpriester,
wat jaar ná jaar in die
Heilige met 'n ander se
bloed ingaan –
26 aangesien Hy dan
dikwels, van die
grondlegging van die
wêreld af, sou moes ly.
Maar nou, by die volheid
van die tye, het Hy eens
en vir altyd verskyn om
met sy offer die sonde ter
syde te stel.



Deel met mekaar:
- Wat het jou sintuie alles vandag alles waargeneem? Probeer om iets te noem vir elke sintuig – wat het jy vandag gesien, gehoor, geproe, geruik en gevoel?
- Wat van hierdie dinge wat jy met jou sintuie waargeneem het was lekker en watter was vir jou sleg?
- Is daar iets wat jy vandag met jou sintuie waargeneem het wat 'n spesifieke herinnering by jou opgeroep het? Dalk iets wat jy geëet het?

Bid saam:
- Popcorn gebed tyd! Elkeen kry random 'n beurt om te bid.

Luister, lees en gesels:
- Lees eers Eksodus 12:21-27 hardop saam.  As daar meer as een vertaling (Afrikaans of Engels) naby is, lees die teks gerus in 'n ander vertaling ook- dan kan jy mooi die verskillende weergawes sien.
- Vertel vir mekaar wat elkeen in die teks hoor/oplet/oor wonder.
- Lees dan Johannes 19: 28-30 hardop saam.
- Dink jouself daarin, wat sal jy alles ruik, dalk die mense in die skare, sien hoe die mense dit hartseer is of gelukkig is, en hoor hoe almal praat en skreeu en huil? Voel jy die stof op jou vel?
- Wat is die verskil tussen die twee kontekste waarin die tekste is? Maar wat is dieselfde?
- Lees dan Hebreërs 9 (nie alles is in die boekie nie - gebruik jou Bybel!).
- Wat sê elke teks vir ons hoe ons moet dink oor ons reinheid en ons redding?

Vragies vir die gesin:
- Wat beteken dit om rein te wees?
- Wat beteken dit om gered te wees?
- Is jy gered deur Jesus?
- Hoe sal jy vir iemand vertel dat jy weet jy is gered?

Uitdaging vir die week:
- Vertel vir iemand wat dit vir jou beteken om gered te wees.

# Oregano

REINIGING & REDDING



